



SOLIDARITEIT  
SOLIDARITY

Weergawe 1: Opdatering 17 Junie 2021

**HANDLEIDING OPGESTEL INGEVOLGE  
ARTIKEL 51 VAN  
DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT  
INLIGTING  
WET NO. 2 VAN 2000**

**SOLIDARITEIT**



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

---

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig

Deel van die Solidariteit Beweging



## 1. INLEIDING

Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting van 2000 (hierna "die Wet" genoem) is verorden met die doel om uitvoering te gee aan artikel 32(1) van die Grondwet, wat bepaal dat enige persoon die reg het om toegang tot enige inligting te verkry wat deur 'n openbare of privaatliggaam gehou word. As die rekord van 'n privaatliggaam aangevra word, moet die aanvrager bewys dat die rekord benodig word vir die uitoefening of beskerming van 'n reg.

Een van die belangrikste vereistes wat in die Wet gespesifiseer word, is die opstel van 'n handleiding wat inligting verskaf oor die soorte en kategorieë rekords wat deur die openbare of privaatliggaam gehou word. Met "privaatliggaam" word ook enige voormalige of bestaande regspersoon bedoel.

Hierdie dokument dien as die Inligtingshandleiding ingevolge die Wet om 'n aanduiding te gee van die rekords wat gehou word en die proses wat gevolg moet word om toegang tot sulke rekords aan te vra.

## 2. ADMINISTRASIE VAN DIE WET

Die besonderhede van die kontakpersoon wat alle versoeke ingevolge die Wet met betrekking tot enige van Solidariteit se bedrywighede sal hanteer, is soos volg:

**Kontakpersoon:**

**Mnr. Dawid Durie**



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)



SOLIDARITEIT  
SOLIDARITY

h.v. DF Malan- en Eendrachtstraat

Kloofsig

Centurion

Posbus 11760

Centurion

0046

TEL: 012 644 4300

FAKS: 012 664 6493

SEL: 0861 25 24 23

### 3. GIDS VIR DIE GEBRUIK VAN DIE WET (Artikel 10)

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) is verantwoordelik vir die publikasie van 'n gids wat die gebruik van die Wet vir versoekers sal vergemaklik. Hierdie gids is in al 11 amptelike tale beskikbaar by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie.

#### Rig navrae aan:

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie:

PAIA-eenheid

Departement Navorsing en Dokumentasie

Posadres: Privaatsak 2700



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig



SOLIDARITEIT  
SOLIDARITY

Houghton

2041

E-pos: PAIA@sahrc.org.za

Webwerf: [www.sahrc.org.za](http://www.sahrc.org.za)

#### 4. VRYWILLIGE OPENBAARMAKING (Artikel 52(1) van die Wet)

Solidariteit is nie verplig om 'n kennisgewing ingevolge artikel 52(1) van die Wet te publiseer nie en het tot dusver verkies om dit nie te doen nie.

#### 5. OUTOMATIESE BESKIKBAARHEID VAN BEPAALDE REKORDS (Artikel 51(1)(c))

- Finansiële jaarstate, insluitend:
  - o Jaarrekeninge
  - o Ouditeursverslag
  - o Tussentydse verslae
- Inligting op die webwerf self
- Solidariteit se Grondwet

#### 6. ONDERWERPE EN KATEGORIEË WAT INGEVOLGE DIE WET OUTOMATIES BESKIKBAAR IS (Artikel 52)



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig

### **6.1 Wetlike inligting**

- Registrasiesertifikaat
- Sertifikate van naamverandering
- Afskrifte van die vorms wat by die Registrateur van Arbeidsverhoudinge, Departement van Indiensneming en Arbeid, ingedien is
- Grondwet
- Register van ampsdraers
- Register van lede

### **6.2. Finansiële en rekeningkundige rekords**

- Rekeningkundige rekords (insluitend rekeningboeke)
- Administratiewe rekords
- Interne en eksterne ouditverslae
- Stawende skedules en dokumentasie vir rekeningboeke

### **6.3. Belastingrekords**

- Inkomstebelastingopgawes en ander dokumentasie
- LBS-rekord
- Rekords van die Streekdiensteraad
- Rekords van vaardigheidontwikkelingsheffings



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

---

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig

- Rekords van belasting op toegevoegde waarde

#### 6.4. Regsrekords

- Dokumentasie rakende litigasie of arbitrasie
- Algemene ooreenkomste
- Kollektiewe ooreenkomste

#### 6.5. Werknemersrekords

- Dienskontrakte
- Beleide en prosedures
- Bywoningsregisters
- Werknemersrekords
- Gedragskode

### 7. REKORDS BESKIKBAAR INGEVOLGE ANDER WETGEWING (Artikel 51(1)(d))

Waar van toepassing, is inligting beskikbaar in ooreenstemming met ander wetgewing, insluitend maar nie beperk nie tot die volgende:

- Wet op Basiese Diensvoorwaardes, No. 75 van 1997
- Wisselwysigingswet, No. 56 van 2000



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig



- Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, No. 130 van 1993
- Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), No. 71 van 1988
- Wet op Verbruikersbeskerming / Consumer Protection Act, No. 68 van 2008
- Wet op Outeursreg, No. 98 van 1978
- Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, No. 25 van 2002
- Wet op Diensbillikheid / Employment Equity Act, No. 55 van 1998
- Inkomstebelastingwet, No. 58 van 1962
- King 4-Kode oor Korporatiewe Bestuur / King IV Code on Corporate Governance
- Wet op Arbeidsverhoudinge, No. 66 van 1995
- Handelswaremerke-wet, No. 17 van 1941
- Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, No. 85 van 1993
- Wet op Pensioenfondse, No. 24 van 1956
- Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdad, No. 121 van 1998
- Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie / Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, No. 4 van 2000
- Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasie en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting, No. 70 van 2002
- Wet op Vaardigheidontwikkelingsheffings / Skills Development Levies Act, No. 9 van 1999
- Wet op Vaardigheidontwikkeling / Skills Development Act, No. 97 van 1998
- Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, No. 34 van 1997



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

---

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig



- Wet op Belasting op Uittreefondse, No. 38 van 1996
- Wet op Handelsmerke, No. 194 van 1993
- Wet op Werkloosheidversekeringsbydraes / Unemployment Insurance Contributions Act, No. 4 van 2002
- Wet op Werkloosheidversekering / Unemployment Insurance Act, No. 63 van 2001
- Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, No. 89 van 1991

## 8. PROSEDURE VIR VERSOEK OM TOEGANG (Artikel 51(1)(e))

Die doel van hierdie afdeling is om versoekers voldoende riglyne te gee om te volg om 'n versoek om toegang tot rekords wat gehou word, te vergemaklik.

Dit is belangrik om daarop te let dat 'n versoek om toegang tot inligting geweier kan word indien die versoek nie aan die prosedurevereistes van die Wet voldoen nie. Die suksesvolle invul en indiening van 'n toegangsversoekvorm bied ook nie outomaties toegang tot die gevraagde rekord nie.

**Opmerking:** As daar redelikerwys vermoed word dat die versoeker toegang tot Solidariteit se rekords verkry deur wesenlik vals of misleidende inligting in te dien, kan regstappe teen sodanige versoeker ingestel word.



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)





## Inhandiging van toegangsversoekvorm

- Die ingevulde toegangsversoekvorm moet ingedien word via gewone pos, e-pos of faks en moet gerig word aan die kontakpersoon soos aangedui in artikel 51(1)(a).
- Aanvanklike, nieterugbetaalbare versoekgelde van R57,00 (BTW ingesluit) is betaalbaar met inhandiging.

**Opmerking:** Hierdie gelde is nie van toepassing op persoonlike versoekers nie, met ander woorde, enige persoon wat toegang wil verkry tot rekords wat hulle persoonlike inligting bevat.

## Betaling van gelde

- Betalingsbesonderhede kan verkry word van die kontakpersoon soos aangedui in artikel 51(1)(a), en die betaling kan gedoen word deur 'n direkte deposito of per posorder (geen kredietkaartbetalings word aanvaar nie).
- Bewys van betaling moet gelewer word.

**Opmerking:** As die versoek om toegang suksesvol is, sal toegangsgelde benodig word vir die versoek, reproduksie en/of voorbereiding van die rekord(s) en dit word bereken op grond van die voorgeskrewe gelde (verwysing aangeheg). Die toegangsgelde moet betaal word voordat toegang tot die gevraagde rekord gegee kan word.

## Kennisgewing



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)



- Versoeke sal ontvang word deur die kontakpersoon soos aangedui in artikel 51(1)(a), en die versoeker sal binne **30 dae** na ontvangs van die ingevulde toegangsversoekvorm in kennis gestel word. Hierdie versoeke sal dan deur die toepaslike entiteite en persone wat hierby betrokke is, geëvalueer word.

#### **Latere kennisgewings kan die volgende insluit:**

- Kennisgewing van verlengingstydperk (indien nodig).
- Die versoekers kan in kennis gestel word of 'n verlengingstydperk nodig is vir die verwerking van hulle versoeke, insluitend:
  - Die vereiste verlengingstydperk, wat 'n **bykomende tydperk van hoogstens 30 dae** mag wees.
  - Voldoende redes vir die verlenging.
- Let daarop dat die versoeker 'n aansoek by die hof kan indien teen die verlenging en die prosedure, insluitend die tydperk, vir die indiening van die aansoek.

#### **Betaling van deposito (indien van toepassing)**

- Die versoeker kan in kennis gestel word of 'n deposito vereis word. 'n Deposito sal vereis word afhangende van sekere faktore, soos die volume en/of formaat van die inligting wat gevra word en die tyd wat benodig word om die rekord(s) te soek en op te stel.



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)



- Die kennisgewing sluit in:
  - Die bedrag van die deposito betaalbaar (indien van toepassing); en
  - Dat die versoeker 'n aansoek by die hof kan indien teen die betaling van die deposito en die prosedure, insluitend die tydperk, vir die indiening van die aansoek.

**Opmerking:** Indien toegang tot die gevraagde rekord geweier word, word die volle deposito aan die versoeker terugbetaal.

### **Besluit oor die versoek**

Indien geen verlengingstydperk of deposito benodig word nie, sal die versoeker binne 30 dae in kennis gestel word van die besluit oor die versoek.

As die versoek om toegang tot 'n rekord suksesvol is, sal die versoeker in kennis gestel word van die volgende:

- Die bedrag van die toegangsgelde betaalbaar om toegang tot die rekord te verkry (indien wel).
- 'n Aanduiding van die vorm waarin toegang verleen sal word.

Let daarop dat die versoeker 'n aansoek by die hof kan indien teen die betaling van die toegangsgelde en die prosedure, insluitend die tydperk, vir die indiening van die aansoek.

**As die versoek om toegang tot 'n rekord nie suksesvol is nie, sal die versoeker in kennis gestel word van die volgende:**



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)



- Voldoende redes vir die weiering (kyk hieronder na derdeparty-inligting en gronde vir weiering).
- Dat die versoeker 'n aansoek by die hof kan indien teen die weiering van die versoek en die prosedure, insluitend die tydperk, vir die indiening van die aansoek.
- Inligting van derde partye.
- As toegang versoek word tot 'n rekord wat inligting oor 'n derde party bevat, is Solidariteit verplig om te probeer om hierdie derde party te kontak om hom van die versoek in kennis te stel. Dit bied aan die derde party die geleentheid om te reageer deur in te stem tot toegang of deur redes te verskaf waarom toegang geweier moet word.
- Indien die derde party redes verskaf vir die ondersteuning of weiering van toegang, sal die aangewese kontakpersoon hierdie redes oorweeg om te bepaal of toegang verleen moet word al dan nie.

## 9. GRONDE VIR WEIERING

Solidariteit kan wettiglik weier om toegang te verleen tot 'n aangevraagde rekord wat binne 'n sekere kategorie val. Die gronde waarop Solidariteit toegang kan weier, sluit in maar is nie beperk tot:



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)



- Beskerming teen onredelike openbaarmaking van persoonlike inligting wat Solidariteit besit oor 'n derde persoon (wat 'n natuurlike persoon is), insluitend 'n oorledene.
- Die beskerming van kommersiële inligting wat Solidariteit besit oor 'n derde party of Solidariteit (byvoorbeeld handelsgeheime: finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting wat die kommersiële of finansiële belange van die organisasie of die derde party kan benadeel).
- As die openbaarmaking van die rekord sal lei tot die skending van 'n vertrouenspilig teenoor 'n derde party ingevolge 'n ooreenkoms.
- As die openbaarmaking van die rekord die lewe of fisiese veiligheid van 'n individu in gevaar sal stel.
- As die openbaarmaking van die rekord die beskerming van 'n persoon ingevolge 'n getuiebeskermingskema sal benadeel of kan benadeel.
- As die openbaarmaking van die rekord die beskerming van die veiligheid van die publiek benadeel of kan benadeel.
- As die rekord geprivilegieer is om in regsverrigtinge voorgelê te word, tensy daar van die regsvoorreg afstand gedoen word.
- As openbaarmaking van die rekord (wat handelsgeheime, finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting bevat) die kommersiële of finansiële belange van Solidariteit sal benadeel.
- As openbaarmaking van die rekord Solidariteit sal benadeel in kontraktuele of ander onderhandelinge of in kommersiële mededinging.
- As die rekord 'n rekenaarprogram is.



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

---

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig



- As die rekord inligting bevat oor navorsing wat namens 'n derde party of Solidariteit uitgevoer word.

## 10. BESIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING

Die handleiding is ter insae beskikbaar by die kantore van Solidariteit. Die handleiding kan afgelaai word op die webwerf van Solidariteit by <https://solidariteit.co.za>.

## 11. INVUL VAN DIE TOEGANGSVERSOEKVORM

Om Solidariteit in staat te stel om tydig op versoeke te antwoord, moet die toegangsversoekvorm ingevul word, met inagneming van die volgende instruksies oor die invul van die vorm:

**Die toegangsversoekvorm moet in Afrikaans of Engels ingevul word.**

- Tik of vul 'n antwoord op elke vraag in **BLOKLETTERS** in.
- As 'n vraag nie van toepassing is nie, meld **“Nvt”** in antwoord op die vraag.
- As daar niks is om te openbaar as antwoord op 'n spesifieke vraag nie, meld dan **“Nul”** in antwoord op die vraag.



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig



SOLIDARITEIT  
SOLIDARITY

- As daar onvoldoende plek is om 'n vraag te beantwoord op 'n gedrukte vorm, kan addisionele inligting op 'n bykomende vel papier verskaf word.
- Wanneer 'n bykomende vel papier gebruik moet word, moet elke antwoord daarop voorafgegaan word deur die titel wat op die vraag van toepassing is.
- Alle bykomende bladsye moet deur die versoeker onderteken word.

## VORM C

### VERSOEK OM TOEGANG TOT REKORD VAN PRIVAATLIGGAAM

(Artikel 53(1) van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000))

### [Regulasie 10]

#### Besonderhede van privaatliggaam

Die Hoof: \_\_\_\_\_



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig



**A. Besonderhede van persoon wat toegang tot die rekord versoek**

- a. *Die besonderhede van die persoon wat toegang tot die rekord versoek, moet hieronder verstrek word.*
- b. *Die posadres en/of e-posadres en/of faksnommer in die Republiek waarheen die inligting gestuur moet word, moet verstrek word.*
- c. *Bewys van die hoedanigheid waarin die versoek gerig word, indien van toepassing, moet aangeheg word.*

Volle name en van																					
Identiteitsnommer	<table border="1"><tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr></table>																				
Posadres																					
Telefoonnommer	(.....)..... Faksnommer: (.....) .....																				
E-posadres:																					





Hoedanigheid waarin versoek gerig word, indien dit namens 'n ander persoon  
gedoen word:

### B. Besonderhede van persoon namens wie die versoek gerig word

*Hierdie gedeelte moet ingevul word SLEGS as 'n versoek vir inligting namens 'n  
ander persoon gerig word.*

Volle name en van														
Identiteitsnommer:														

### C. Besonderhede van rekord

*Voorsien volle besonderhede van die rekord waartoe toegang versoek word,  
insluitende die verwysingsnommer indien dit aan u bekend is, om die opsporing  
van die rekord moontlik te maak. Indien die ruimte wat voorsien word nie  
voldoende is nie, gaan asseblief voort op 'n aparte vel papier en heg dit aan die  
vorm. **Die versoeker moet alle bykomende velle papier onderteken.***



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)



SOLIDARITEIT  
SOLIDARITY

D. Beskrywing van rekord of die toepaslike gedeelte van die rekord:

---

---

E. Verwysingsnommer, indien beskikbaar:

---

F. Enige verdere besonderhede van rekord:

---

**G. Gelde**

*'n Versoek om toegang tot 'n ander rekord as 'n rekord wat persoonlike inligting van uself bevat, sal verwerk word slegs nadat versoekgelde betaal is.*

*U sal in kennis gestel word van die bedrag wat as versoekgelde betaal moet word.*

*Die **gelde betaalbaar vir toegang** tot die rekord hang af van die formaat waarin toegang verlang word en die redelike tyd wat nodig is om die rekord te soek en voor te berei.*

*Indien u kwalifiseer vir vrystelling van die betaling van enige gelde, meld asseblief die rede daarvoor.*



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig

Rede vir vrystelling vir betaling van gelde:

### Formaat van toegang tot rekord

*Indien u as gevolg van 'n gestremdheid verhinder word om die rekord te lees, te besigtig of daarna te luister in die formaat van toegang waarvoor in 1 tot 4 hieronder voor voorsiening gemaak word, meld u gestremdheid en dui aan in welke formaat die rekord verlang word.*

Gestremdheid	
Formaat waarin rekord verlang word	

#### **LET WEL:**

*Voldoening aan u versoek om toegang in 'n bepaalde formaat kan afhang van die formaat waarin die rekord beskikbaar is.*

*Toegang tot die formaat wat versoek word, kan in sekere omstandighede geweier word. In so 'n geval sal u in kennis gestel word of toegang in 'n ander formaat verleen sal word.*



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig

*Die gelde betaalbaar vir toegang tot die rekord, indien wel, sal gedeeltelik bepaal word deur die formaat waarin toegang verlang word.*

<b>1. Indien die rekord in skriftelike of gedrukte vorm is:</b>	
Afskrif van rekord*	JA/NEE
Insae in rekord	JA/NEE
<b>2. Indien die rekord uit visuele afbeeldings bestaan:</b>	
(Dit sluit in foto's, skyfies, video-opnames, rekenaargegenereerde afbeeldings, sketse, ens.)	
Besigtig die afbeeldings	JA/NEE
Afskrif van die afbeeldings*	JA/NEE
Transkripsie van die afbeeldings	JA/NEE
<b>3. Indien die rekords bestaan uit opgeneemde woorde of inligting wat as klank gereproduseer kan word:</b>	
Luister na die klankbaan (klankkasset, CD, Geheue stokkie)	JA/NEE
Transkripsie van die klankbaan (geskrewe of gedrukte dokument)	JA/NEE



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)



\*Indien u 'n afskrif of transkripsie van 'n rekord (soos bo) versoek, wil u hê dat die afskrif of transkripsie aan u gepos word?

JA

NEE

**Posgeld betaalbaar**

**Besonderhede van reg wat uitgeoefen of beskerm word**

*Indien die ruimte wat voorsien word nie voldoende is nie, gaan asseblief voort op 'n aparte vel papier en heg dit aan die vorm. **Die versoeker moet alle bykomende velle papier onderteken.***

F. Dui aan watter reg uitgeoefen of beskerm word:

G. Verduidelik waarom die rekord wat versoek word, benodig word om voormelde reg uit te oefen of te beskerm:

\_\_\_\_\_

**Kennisgewing van besluit rakende versoek tot toegang**

*U sal skriftelik in kennis gestel word of u versoek goedgekeur of geweier is. Indien u verkies om op 'n ander wyse in kennis gestel te word, spesifiseer asseblief die wyse en voorsien die nodige inligting sodat aan u versoek gehoor gegee kan word.*



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig



SOLIDARITEIT  
SOLIDARITY

Hoe verkies u om van die besluit rakende u versoek om toegang tot die rekord in kennis gestel te word?

Geteken te ..... op hede die ..... dag  
van ..... 20.....

\_\_\_\_\_

HANDTEKENING VAN VERSOEKER/PERSOON NAMENS WIE DIE VERSOEK  
GERIG WORD



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: [diens@solidariteit.co.za](mailto:diens@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig

Deel van die Solidariteit Beweging